

HOOFSTUK II.

PRIMITIEWE EN KINDERKUNS.

1. Inleiding.

Die erkenning van 'n primitiewe kuns met sy hoë estetiese kwaliteit is nog betreklik jonk. So ook die erkenning van 'n kinderkuns. Die nuwe belangstelling het ook tot die ontdekking van 'n definitiewe estetiese verband tussen die primitiewe en die kinderkuns gelei. As gevolg hiervan het die invloed van albei kunstipes op die moderne kuns al hoe sterker geword. Dit bly egter nog 'n vraag of so 'n invloed 'n verheffing van die westerse kuns meebring, want in die omgekeerde geval bring dit 'n besliste agteruitgang teweeg. So was byvoorbeeld die kontak van die Afrikaanse inboorlinge met die westerse beskawing die vernaamste rede vir die ontaarding van hulle werke.¹⁾ Die nuwe belangstelling in albei kunsvorms het egter 'n groot invloed op die moderne kunsopvoeding uitgeoefen.

2. Primitiewe Kuns.

a. Primitiewe Kuns in Afrika.

(i) In sentraal Wes-Afrika, langs die kus en in die riviervalleie van die Niger en Kongo, en in ons eie land lewe 'n groot aantal primitiewe inboorlingrasse wie se oorsprong en geskiedenis nog taamlik onbekend is. Sommiges is nomadiese rasse, andere landbouers, maar feitlik almal is jagters en krygsmanne. Elke stamgemeenskap het sy eie kenmerkende kuns wat voortspruit uit sy leefwyse, denke, geloof, gevoel en beskikbare materiaal. Feitlik almal het 'n animistiese godsdiens wat uiting vind in rituele danse met veelkleurige kostuums en fantastiese maskers. Hulle werke verteenwoordig 'n sienswyse wat tradisioneel is en wat deur almal verstaan word, hoewel die eenheidsbegrip soms verlore raak. Die werke word gekenmerk deur 'n vaardigheid en 'n ontwerp wat

1. Gardner: Art through the Ages, 564.

vir die vreemdeling baie abstrak mag voorkom, maar wat vir die inboorling vol betekenis is.

(ii) 'n Tipe primitiewe kuns wat van die bogenoemde verskil, vind ons in die Boesman kuns. Hulle is nomadiese jagters wat in semiwoestynagtige streke geswerf het. Die onderwerp van hulle kuns was die dierewêreld en -lewe. Die Boesmankuns is uniek in die opsig dat dit 'n gees van kameraadskap met die diere uitbeeld en nie 'n houding waarin die dier verag of vertroetel word nie. Hulle god Kaggen byvoorbeeld wat onder die eland gelewe het, was die god van beide die mens en die dier.¹⁾ Kameraadskap met die diere is dus die gees wat uit hulle kuns straal - dit is meer as slegs 'n weergawe van diere. Hierbenewens word die kuns gekenmerk deur 'n eenvoud, sodat selfs 'n kind die betekenis kan verstaan.

b. Kenmerke van Primitiewe Kuns.

(i) Primitiewe kuns kan beskou word as die suiwerste en opregste vorm van kuns, omdat dit deur religieuse idees en geestelike ervarings besiel is, en omdat dit onselfbewus, onselfsugtig en naïef is.

Kuns is die resultaat van 'n behoefte om iets te skep, om 'n storie te vertel, en die grotbewoners was kunstenaars in die ware sin van die woord.²⁾ Taal is vir hulle te abstrak, daarom gebruik hulle 'n prentetaal. Hulle produseer uit die verbeelding en kopieer nie van die natuur nie; die verbeelding word geleidelik deur die geheue vervang. Hoewel die tekeninge van diere baie natuurgetrou lyk, sodat ons selfs die soort kan erken, is die feit dat ook die getrouste weergawes in grotte gedoen is voldoende bewys dat die primitiewe kunstenaar onmoontlik van die natuur kon afteken maar dat hy op sy geheue en verbeelding moes staatmaak.

(ii) Die impuls tot grafiese uiting het dus sy oorsprong in die behoefte vir emosionele ontlading en in

1. Battis: South African Paint Pot, 11.

2. Winslow: Art in Secondary Education, 166.

die plesier wat uit die vergestaltung van 'n emosie voort-spruit. Die primitiewe kunstenaar skep dus om biologiese redes en nie met die spesifieke doel om plesier en genot by ander te wek nie.

(iii) . Verhoudings- en perspektiefuitbeelding is vir hulle van minder belang; hulle wil in die eerste instansie alleen dit uitbeeld wat vir hulle belangrik is, en 'n oordrywing van essensiële kenmerke bring dikwels verwronge verhoudings mee. In die tweede plek word diepte wel gevoel maar dit spreek nog nie in so 'n mate tot die siel dat dit 'n behoefte vir diepteuitbeelding uitlok nie; daarom word figure dikwels opmekaar geteken as enigste aanduiding van diepte. Die primitiewe kunstenaar teken dus nie soos hy sien nie maar soos hy dit ken, byvoorbeeld die vooraansig van oë op 'n profiel.

(iv) Vir die intellek is daar in die primitiewe kuns geen plek nie. Sy kuns, dit wil sê dit wat hom behaag as versiering, beeldspraak of musiek, verheug slegs sy fantasie. Edele, verhewe en transendentale kuns sou hom of glad nie of alleen dan behaag wanneer dit deur hom op grond van 'n ontwaakte intelligensie begryp word. Dit is omdat 'n vermoë vir die beleving van ons verhewe kuns vereis word, dat die primitiewe geen plesier daarin kan vind nie.¹⁾

3. Kinderkuns.

a. Kinderkuns as 'n Entiteit op sigself.

(i) Naas hierdie primitiewe kuns bestaan daar 'n kinderkuns wat beskryf kan word as die openbaring van 'n kind se gees en siel. Dit moet as 'n entiteit op sigself met sy eie wette en kenmerke beskou word. Net soos die primitiewe is ook die kinderkuns 'n suiwer en opregte vorm van kuns, omdat dit deur geestelike ervarings besiel is; die uiting is by die kleinkind naïef, en onselfbewus en hy bekommer hom nie oor kunstegniek nie.

1. Poore: Art's Place in Education, 28.

(ii) As die bloeityd van die kinderkuns in 'n mens se lewe verby is, sal dit nooit weer verskyn nie. Die krisis tree gewoonlik op die ouderdom van 14 jaar in; dit is die tyd van die ontwakende intellek, en hierna kry ons die kuns van die volwassene. Tydens die oorgang van kinder- na volwasse kuns is die kind geheel en al afhanklik van en word hy beheer deur sy omgewing en opvoeding. Dit hang van hierdie faktore af of die talent van 'n kind later in 'n nuwe vorm sal ontluik of geheel en al sal verdwyn. Prof. Cizek beweer dat die ontwakende intellek die vreugde in die onbewustelike skepping van die vroeë kinderjare vernietig; „Children become selfcritical.“¹⁾ Wanneer ons dan van kinderkuns praat, het ons te doen met die kuns van die kind tot die ouderdom van min of meer 14 jaar.

b. Kenmerke.

(i) Hierdie kinderkuns toon 'n groot ooreenkoms met die primitiewe kuns wat nog nie die westerse gebruike van lyn en perspektief aangeleer het nie. Net soos laasgenoemde sy eie gebruike of konvensies het wat dikwels vir ons gekompliseerd en onverstaanbaar lyk maar vir die inboorling vol betekenis is, so het ook die kind in sy tekenwerk 'n kode van sy eie wat ook universeel blyk te wees.²⁾ Dit berus dan ook blykbaar op faktore wat by alle mense aangebore is.

Elke kind besit 'n skeppingsvermoë wat alleen in graad verskil.³⁾ Hy voel die behoefte om hom te uit, om deurmiddel van 'n prentetaal wat vir hom nie so abstrak soos gesproke taal is nie, 'n storie te vertel.

(ii) In sy kuns, wat dan as 'n prentetaal beskou kan word, deel die kind mee wat hy weet en soos hy voel en nie soos hy sien nie; hy produseer uit die verbeelding en kopieer nie van die natuur nie. Die verbeelding

1. Viola: Child Art, 62.
2. T.a.p., 16.
3. T.a.p., 28 en 45.

word geleidelik vervang deur visuele geheue wat by die kind besonder sterk is. Kenmerkende eienskappe word beter onthou as die geheel en dien ooreenkomstig ook geteken; daarom het die klein kind ook geen gevoel vir korrekte verhoudings en perspektief nie. Ook die gewoonte om mense en diere in profiel te teken, is primitief en kenmerkend van die oorsprong van die kuns. (Ons dink byvoorbeeld hier aan die Egiptiese kuns.) Eenvoud in die voorstelling van iets maak dit vir die kind makliker verstaanbaar. Net so kon byvoorbeeld primitiewe Sjinese boere nie in 'n voorstelling van diere wat op 'n moderne natuurgetroue manier geskilder is, bekende diere herken nie.¹⁾

(iii) Soos die primitiewe mens strewende ook die kind in sy kuns nie na intellektuele genot nie maar na estetiese plesier wat uit die skeppende ervaring self voortspruit. Die intellektuele aspek word dus ook in die kinderkuns buite rekening gelaat, maar dit speel 'n belangrike rol in die kuns van volwassenes. Die toets vir kuns, maar nie die maatstaf nie, is dan genot. Die primitiewe mens en die kind vind slegs estetiese genot terwyl die volwasse na estetiese sowel as intellektuele genot strewende. Om die rede kan dit gebeur dat 'n volwasse se kunswerk die kind glad nie behaag nie, en ook omgekeerd. Prof. Cizek beweer dat dit nie rede of intellek was wat kuns uitgelok het nie, maar iets diepers, wat die onbewuste of onderbewuste genoem kan word. Die uitvoering mag heel en al 'n saak van rede en vaardigheid wees, maar die konsep was misterieus. Uit dieselfde misterieuse kon die kinderkuns.²⁾ Ons moet ons dan inleef in die kind se kunstbeleving en dit nie volgens grootmensstandaarde meet nie. (Einfühlung). „An appeal to the intellect or the aesthetic sense becomes pleasurable in that degree in which its quality has been realized.“³⁾

1. Viola: Child Art, 16.

2. T.a.p., 55.

3. Poore: Art's place in Education, 21.

4. Ooreenkoms en Verskil tussen Primitiewe en Kinderkuns.

a. Ooreenkoms.

Tussen die primitiewe en kinderkuns bestaan dus 'n groot ooreenkoms ten opsigte van die volgende punte:

(i) Albei kunsuitingvorms is die resultaat van 'n aangebore skeppingsvermoë en uitingsdrang, dit word besiel deur geestelike ervaring.

(ii) Albei produseer uit die verbeelding en kopieer nie die natuur nie.

(iii) Hulle beeld eers die mens en dier af omdat dit lewende wesens is wat beweeg. Wanneer plante afgebeeld word, is dit 'n teken van rypwording; daarom kan Egiptiese kuns byvoorbeeld nie as suiwer primitiewe kuns beskou word nie.

(iv) Daar is feitlik geen sprake van sintese of komposisie nie.

(v) Uitbeelding van perspektief word verontagsaam; daar is 'n menskylike onvermoë om ruimte voor te stel.

(vi) Verhoudings verskil van die aanvaarde intellektuele standpunt van volwassenes.

(vii) 'n Ontwakende intellek vernietig die plesier in onbewustelike skepping van die primitiewe sowel as die kinderkunstenaar.

b. Verskil.

Dit wil dan voorkom asof albei onder een en dieselfde vorm van kunsuiting geklassifiseer kan word. Omdat daar egter belangrike wesensverskille bestaan, moet ons hulle as afsonderlike kunsuitingvorme beskou.

(i) Die primitiewe mens se kuns ondergaan nie so 'n metamorfose soos ons dit by ons kinders ken nie waar die manier van uiting 'n kritieke en totale verandering ondergaan nie.¹⁾ By die primitiewe kind is ook die puberteit 'n natuurliker proses as by die moderne beskaafde kind. Omdat hy in sy ontwikkeling nie deur intellektuele vorms en eise van

1. Viola: Child Art, 62.

buite belemmer word nie, ondervind hy die breuk nie in die mate soos laasgenoemde nie.

(ii) Die estetiese vorms en wette van ons kinderkuns verander en ontwikkel soos die kind groei en ouer word, terwyl die van die primitiewe kuns konstant bly; daar is geen geleidelike veranderlikheid van vorms nie.

(iii) Die primitiewe kuns is in 'n mate ryp in sy tegniek terwyl die kind sy weg na die resultaat gedurig moet probeer vind. Die Boesmantekenaar of Bantubeeldhouer byvoorbeeld ken die eienskappe van sy materiale en die moontlikhede van sy gereedskap en gaan volgens 'n vaste metode te werk.

(iv) In die primitiewe kuns word emosies van 'n taamlik eenvoudige natuur uitgebeeld, maar in die kinderkuns tref ons gevoelens wat meestal nie bewustelik geformuleer is nie.¹⁾

5. Die Ontwikkelingstadia in die Kinderkuns.

a. Die Stadium van Hantering en Krabbel:(2-5 jaar).

Vanaf die ouderdom van omtrent 2 jaar is kinders net besig om nuwe materiaal en media te ondersoek en om daarmee te eksperimenteer; hulle is dus slegs geïnteresseerd in die hantering. In die begin is die pogings slegs speelbewegings. Dus kan beweer word dat kuns gebore word uit die speelimpuls. Sodra die verband tussen die beweging van die hand en die resultaat begryp word, skep die kind behae in die trek van lyne. Die krabbelperiode het begin, wat deels 'n spieraktiwiteit en deels 'n uiting is. Die kind krabbel sonder 'n voorafbepaalde doel en wil iets uiter wat hy nie in woorde kan doen nie. Sommige kinders eksperimenteer langer as andere voordat hulle doelbewus begin om iets te maak. Sodra die belangstelling en plesier van spel ter wille van die aktiwiteit oorgaan na die resultaat van die lyntekeninge begin dit vir die kind 'n ander betekenis kry. Hy soek nou in die

1. Viola: Child Art, brief van K.C. Murray aan W.Viola, 24.

eerste plek bevrediging in ritmiese herhaling; lyne of kleure word ritmies herhaal. Die gevoel vir ritme vorm dan ook die oorsprong van alle kuns. In die tweede plek bring die kind voort uit 'n kinestiese of dinamiese behoefte; hyself is vol **beweging** en dit soek 'n uitweg.¹⁾ Sy eerste pogings is dan die tekening van mense en diere.

b. Die Stadium van Symbolisme en Skematiese Tekenwerk. (5-7 jaar).

Waar die hantering van die medium sy eerste stap tot vrye uiting was, daar vertel sy prente nou 'n storie, hoewel sy sketse en kleurkollie vir ons nog onverstaanbaar voorkom. Soos in die geval van die primitiewe volk gebruik hy hier sy eie kode en konvensies, wat vir hom betekenis het en wat ook deur ander kinders verstaan word. Op hierdie stadium slaan die kind min ag op hoe hy iets teken; hy stel alleen belang in wat hy uitbeeld.²⁾

Voorwerpe, veral mense en diere, word slegs in buite-lyne en onvolledig geteken. Daarom word dit 'n skema genoem. Die kind voeg dele aanmekaar soos hy dit onthou en daarby gaan hy selektief te werk; dit wat vir hom belangrik is, word groot geteken, en wat hy nie onthou nie, word weggelaat. Dele van die liggaam word byvoorbeeld een na die ander van voor af in profiel geteken, sodat eienaardige mengsels van vooraansig- en profielportrette ontstaan.

c. Die Realistiese Stadium. (7-12 jaar).

Op grond van sy ervaring kom die kind geleidelik nader aan die natuur; sy waarnemingsvermoë ontwikkel vinniger as sy bekwaamheid in die hantering van die medium. Daar verskyn meer detail in sy werk. Aanvanklik verkeer die kind onder die illusie dat die tekening die werklikheid self is; hy kan nog nie goed tussen werklikheid en verbeelding onderskei nie. Die doel van sy uitinge is nou om iets

1. Viola: Child Art, 26.
2. Mathias: The teaching of Art, 221.

te beskryf; daarom noem Littlejohns hierdie periode ook die beskrywende stadium.¹⁾ Verbeelding word geleidelik vervang deur geheue, totdat die kind later net volgens die natuur teken. Cyril Burt verdeel hierdie realistiese stadium nog in twee periodes, naamlik die beskrywende en die voorstellende of aanskouingsrealisme.²⁾

(i) Aanvanklik, dit wil sê tydens die beskrywende realisme is tekeninge nog meer logies as voorstellend. Die kind teken wat hy weet en nie soos hy sien nie; hy probeer alles wat hy onthou of wat hom in die onderwerp interesseer te katalogiseer. Die skema word meer detail-korrekt maar die items word meer deur assosiasie van idees as deur analise van waarnemings gesuggereer. Perspektief en weer-gawe vanuit 'n enkele gesigspunt word nog verontagsaam. "...die swaartepunt van die geestelike lewe is nog nie verskuif deur die skoolonderwys na die verstandelike nie en berus dus nog in die instinktief emosionele."³⁾

(ii) Later, dit wil sê tydens die voorstellende realisme, streef die kind daarna om natuurgetrou te teken. Hoe iets uitgebeeld word is nou vir hom van groot belang; hy gevoel 'n behoefte vir verbetering van sy tegniek. Hierdie periode word dan in twee fases deurleef: eers die twee dimensionele fase, waar slegs buitelyne gebruik word wat 'n illusie van deurskynendheid skep; daarna die drie dimensionele fase, waar na soliditeit of vastheid van voorwerpe gestrewe word. Hier gee die kind dan aandag aan skakering, gedeeltelike bedekking en perspektief. Landskappe geniet nou die voorkeur. Hier is dit die begin van 'n strewe na 'n beter vorm.

Die kind se strewe en behoefte om te skep, het op hierdie ouderdom egter nie afgeneem nie. Die verandering wat hier geleidelik plaasvind, is een van oriëntasie en 'n nuwe

-
1. Littlejohns: Art in Schools, 61.
 2. Burt: Mental and Scholastic Tests, 320-322.
 3. Coetzee: Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 303.

uitkyk op die lewe. Ons tref hier 'n wysiging in sy uitingsvorm. Hy hou nou op om naïef te wees. „...he has begun to put away childish things and, as he gradually turns toward adulthood, his need for something with which to come to grips becomes urgent.”¹⁾ Die kind strewe nou na 'n insig in fundamentele beginsels en natuurwette, dit wil sê hy strewe nou na die ware betekenis van verhewe kuns.

d. Die Stadium van Kuns-beteueling en -teruggetrokkenheid (12-14 jaar).

Dit is die kritieke oorgangstadium van kinderkuns na volwasse kuns. Tydens hierdie adolessensie is pogings om voorwerpe te reproduseer vir die kind moeilik en vermoeiend, hy besef nou sy tekortkominge in vergelyking met die ideaal van volwasse kuns en hy word afkerig. Hy verkies nou die taal as uitingsmiddel, wat vir hom makliker verstaanbaar is. Netsoos onderrig in tegniek, voordat die kind daarvoor vatbaar is, die selfuitingsdrang sal onderdruk, so sal 'n verontagsaming van tegniek op hierdie stadium ook die kind se uitingsdrang strem. Met 'n skerper waarnemingsvermoë en 'n groter beheer oor tegniek sal spontaneïteit van uiting herlewe, en tekeninge sal 'n groter estetiese waarde verkry.²⁾

e. Die Stadium van Kunsontploffing of -herlewing (15 jaar en bo).

Vanaf die 15de lewensjaar ontplooi kunsuitinge vir die eerste keer tot 'n egte kunssinnige aktiwiteit, tot volwasse kuns. Die intellek speel nou 'n belangrike rol en kunsuitinge bevat nou 'n boodskap of vertel 'n storie. Die belangstelling in kunsaktiwiteite herlewe. 'n Duidelike verskil kan nou gesien word tussen die werk van meisies en die van seuns. Meisies toon 'n voorkeur aan kleurrykheid, bevaligheid van vorm en skoonheid van lyn; seuns, daarenteen is geneig om tekene meer in 'n tegniese en meganiese lig te sien.

Net soos die adolessente kind nie langer

1. Johnstone: Child Art to Man Art, 6.
2. Littlejohns: Art in Schools, 61.

tevrede is met die nafwiteit van die kinderkuns nie, so was ook die kultuutvolkere nie tevrede met nafewe voorstellings van die primitiewe volke nie. So word dan byvoorbeeld die Hellenistiese kuns gekenmerk deur 'n akkurate waarneming van die natuur, 'n deurgroning van fundamentele beginsels en natuurwette en 'n noukeurige afwerking. As logiese voortvloei- sel hieruit noem Helen Gardner „...a natural tendency in the use of color, and the conquest in sculpture of space, that is, the attainment of truly three dimensional figures.“¹⁾ Dieselfde geld vir die kunswerke van die kind na 15 jaar.

6. Slot.

Alleen die kind wat al die stadia ten volle deurleef het, besit 'n gesonde basis vir 'n volle en rype lewe. Dit is dan belangrik dat 'n kind op 'n natuurlike manier ooreenkomstig sy potensialiteit groei en ontwikkel en nie kunsmatig en vinnig deur hierdie stadia geforseer word nie. Hoe stadiger die kind op die gebied van kuns ryp word, hoe beter vir hom en sy volk. „Our civilisation threatens to become a hothouse and tinned food civilisation. But in hothouses and in tins certain vitamins get lost. Children should pass through the different stages slowly.“²⁾ 'n Kennis nie alleen van die fundamentele verskille tussen kinderkuns en volwasse kuns nie maar ook van die groeistadia in die kind se kunsuiting is uiters noodsaaklik om die doel, inhoud en metode van kunsonderrig te kan bepaal. Die skeppingsvermoë van die mens dien as basis vir ons kunsonderrig; dit is 'n Goddelike gawe wat nie verwaarloos mag word nie.

1. Gardner: Art through the Ages, 179.
2. Viola: Child Art, 42.